

WONDERS BO IN DIE HEMEL EN TEKENS ONDER OP DIE AARDE

deur Tony Alamo

Miljoene mense het al gesê hulle het Vreemde Vlieënde Voorwerpe (VVV'e) gesien, ook genoem vlieënde pierings. Dit is nie nodig om te ontken dat VVV'e bestaan nie, want dit bestaan.

Die dissipels van JESUS het vir HOM gevra: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld? En JESUS het hulle geantwoord en vir hulle gesê: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder MY Naam kom en sê: Ek is die CHRISTUS! En hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë." Die woordeboek sê dat oorloë, deels pestilensies is, d.i. "n dodelike epidemiese siekte, plaag; enigiets wat as skadelik beskou word; wat waarskynlik dood kan veroorsaak; gevaarlik is vir die samelewing (die dodelike bedreiging van oorlog)." "Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes



Tony en Susan Alamo, orkes en koor op hulle televisieprogram in die 1970's en vroeë '80's

[oorloë, siektes, droogtes, vloede] en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

"Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle [wedergebore-in-die-GEES Christene] sal deur al die nasies gehaat word ter wille van MY Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat" (Mattheus 24:3-10).¹ "Haat," in die woordeboek beteken "om 'n sterk afkeer te hê aan of 'n swak wil vir, om graag te wil vermy, [m.a.w om GOD te haat, om die Bybel te haat en om Christene te haat.]"

Die Apostel Petrus herhaal Joël se profesie oor die einde van die wêreld,

deels deur te sê dat daar "wonders bo in die hemel en tekens onder op die aarde" sal wees (Hand. 2:19). Het jy geweet dat die hemelse struktuur geweldig verander het? En het jy geweet dat daardie VVV'e of vlieënde pierings wat mense gesien het eintlik engele is wat die aarde besigtig voordat hulle die toorn van GOD op die aarde uitstort om dit te verwoes? GOD het nog altyd SY engele

gestuur om SY toorn oor die sondaars van die aarde uit te stort.²

Genesis 6:6-7 lui: "... dit het die HERE berou dat HY die mens op die aarde gemaak het en daar was smart in SY hart. En die HERE sê: EK sal die mens wat EK geskape het van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou MY dat EK hulle gemaak het."

Nou sê JESUS ook in Mattheus 24:37-39: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die SEUN van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Mar. 13:12-13, Luk. 12:51-53, Joh. 16:1-3 ² Gen. 19:1, 13, 2 Sam. 24:15-17, 24:15-16, 2 Kon. 19:35, 2 Kron. 32:21, Ps. 78:49, Matt. 13:41-42, Hand. 12:23, 2 Tes. 1:7-9, Op. 7:1-2, 9:15, 15:1, hfst. 16

WONDERS BO IN DIE HEMEL EN TEKENS ONDER OP DIE AARDE

(Vervolg vanaf bladsy 1)

het; getrou en in die huwelik uitgegee het, totdat Noag in die ark gegaan het en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het; nie; so sal ook die koms van die SEUN van die mens wees.”

Dit het GOD so berou dat HY die mens in die dae van Noag gemaak het, dat HY SY engele elke lewende ding op die aarde deur 'n vloed laat verwoes het, behalwe vir Noag, sy vrou, sy drie seuns en hulle vrouens. Dink jy nie dat GOD SY engele sal gebruik om vandag dieselfde te doen met die bevolking van die hele wêreld wanneer HY die mense van die wêreld as selfs sondiger as die mense in die dae van Noag beskou nie?

Daar is nie 'n ding soos 'n vroulike engel nie. Al die engele van GOD is manlik. Al diegene wat die vlieënde pierings bestuur, is manlike engele wat die boosheid wat vandag op die aarde gedoen word besigtig en hier en daar vir die mense op aarde 'n voorbeeld gee van die verwoesting wat binnekort na die hele aarde toe kom.

GOD het nog altyddeur die goeie engele gebruik om die werke van Satan in mense op aarde te verwoes, soos in Sodom, Gomorra en baie ander plekke regdeur die Skrif.³ In die tweede en laaste verwoesting van die huidige aarde, het GOD vir ons in Openbaring vertel dat dit die engele sal wees wat die laaste veertien plaes oor die aarde sal uitstort totdat dit heeltemal verwoes is.⁴

Openbaring 8:2 tot 9:21 lui: “En ek het die sewe engele gesien wat voor GOD staan en sewe basuine is aan hulle gegee. En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van

die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor GOD. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereedgemaak om te blaas.

“En die eerste engel het geblaas en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword en 'n derde van die lewende skepsels in die see het gesterwe en 'n derde van die skepe het vergaan.

“En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval en dit het op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine geval. [En voor dit, het GOD se lugmag, die vlieënde pierings, oor die algemeen genoem VVV'e, al die korrupsie op aarde waargeneem en hulle was verheug om GOD se toorn oor die walglike, afskuwelike mensdom uit te stort.] En die naam van die ster is Alsem; en 'n derde van die waters het als geword en baie mense het gesterf van die water, omdat dit bitter geword het. En die vierde engel het geblaas en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle

donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie en die nag net so.

“En ek het gesien en gehoor 'n engel, wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee, hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas! [Hierdie Skrifgedeeltes wys vir ons dat die engele – GOD se engele van verwoesting – baie goed weet wat die toekoms inhou. Net jammer dat die mense op aarde, die slegte mense, dit nie agterkom nie!].

“En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het; en aan hom is die sleutel van die bodemlose put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oopgemaak en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond; en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. En uit die rook het daar sprinkane uitgekóm op die aarde en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het. En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat nie die seël van GOD op hulle voorhoofde het nie. [Is dit nie snaaks dat mense sê GOD is meer toornig in die Ou Testament as in die Nuwe Testament nie? Dit lyk nie hier so nie, nê?] En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar sodat hulle vyf maande lank gepynig

Zimbabwe

Geagte Meneer

Die program Radio Africa Two het nuwe hoop vir so baie mense in my gemeenskap gebring. Toe ek vir die eerste keer daarna geluister het, was ek geraak en het ek my familie genooi om saam met my te luister. Dit het sedertdien ons lewens verander. Baie dankie dat jy die evangelie oor die hele Afrika versprei.

Mag ons goeie Here jou dan ook beloon.

Stuur asseblief vir my enige godsdienstige materiaal wat jy kan aanbied. Dit sal my geestelike lewe ophef.

Die uwe

Winston Tambwadr

Bulawayo, Zimbabwe

³ Gen. 19:12-25 ⁴ Op. 8:7-13, 9:1-19, 11:19, 14:15-20, 15:1, 5-8, 16:1-12, 17-21

sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek. En in die dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe en die dood sal vir hulle wegvlug.” In die Ou Testament is straf nooit in sulke uitmergelende dosisse uitgedeel nie. Dink net – jy kan nie vir of teen dit stem nie, want GOD is die GROOT HEERSER en HY gaan altyd in die amp wees, of die wêreldbevolking daarvan hou of nie. Daar is geen politieke korrektheid en geen demokrasie nie – net teokrasie (godsregering)! “En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is en op hulle koppe was iets soos krone, wat net soos goud gelyk het en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. En hulle het hare gehad soos vrouehare en hulle tande was soos dié van leus. En hulle het borsharnasse

gehad soos van yster en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene en daar was angels in hulle sterte en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. En die koning oor hulle was die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abaddon en in Grieks het hy die naam van Apollion.

“Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë. En die sesde engel het geblaas en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar, wat voor GOD is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduiseend maal tienduiseend [twee honderd miljoen]; en ek het hulle getal gehoor. En so het ek in hierdie gesig die perde gesien en dié wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leekoppe en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het.” As daar op daardie tydstip sewe miljard mense op aarde was soos daar vandag is en een derde van hulle is deur hierdie plae gedood, sal dit 'n getal wees wat ongeëwenaard is in die geskiedenis in sover die aantal mense wat op een slag dood is. Nietemin, ons weet nie hoeveel mense in die vloed in die dae van Noag dood is nie, hoewel ons weet dat almal verdrink het behalwe Noag en sy familie, agt siele.⁵ “Want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe en daarmee rig hulle skade aan. En die orige mense wat nie deur hierdie plae gedood is nie, het hulle nie bekeer

van die werke van hul hande, om die duiwels of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout, wat nie kan sien of hoor of loop nie, te aanbid nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde [aborsies] en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.”

Openbaring 11:14-19: “Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou. En die sewende engel het geblaas en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van SY CHRISTUS, en HY sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor GOD op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en GOD aanbid en gesê: Ons dank U, HERE GOD, ALMAGTIGE, wat is en wat was en wat kom, dat U U groot mag aangeneem en as koning geheers het. En die nasies was vertoornd en U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan U diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan dié wat U naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf. En die tempel van GOD het in die hemel oopgegaan en SY verbondsark is in SY tempel gesien en daar was weerlig en stemme en donderslae en 'n aardbewing en groot hael.”

GOD se lugmag, die vlieënde pierings, die VVV'e, is op hierdie oomblik besig om die aarde te besigtig ter voorbereiding van hierdie laaste oordeel van GOD. Lag maar as jy wil, maar daar is regtig vlieënde pierings wat deur engele bestuur word. Miljoene mense het dit al gesien en hulle kom nie van 'n ander planeet af nie.

Wanneer GOD ookal iets doen, probeer Satan dit laat lyk asof hy dit kan kopieer. Satan kan dit egter nie kopieer nie. Satan stuur valse visioene van VVV'e en laat die demone wat hulle bestuur soos klein, misvormde mans met groot misvormde koppe lyk. Hierdie namaaksels laat jou spot met die feit dat GOD SY bonatuurlike

(Vervolg op bladsy 4)

Missouri

Liewe Broers en Susters

Wees gegroet in ons Here. Ek bid dat dit met almal goed gaan. Ek is veilig en geborge in ons Here se hande.

Dankie vir die literatuur wat julle gestuur het. Pastoor Alamo se getuigenis “Droë Bene” is ongelooflik. Om te dink dat hy weggeloop het van 'n lewe van rykdom en roem om die lewende God te dien, is merkwaardig. As daar meer mense soos hy was, sou ons volk in 'n baie beter toestand gewees het.

Pastoor Alamo is 'n absolute wonderlike patriot. Ek wil graag meer oor hom te wete kom. Enige literatuur oor Pastoor Alamo wat julle kan stuur, sal waardeer word.

Dankie vir alles wat julle doen.
In Christus Jesus
Richard Bounds
Bonne Terre, MO



⁵ Gen. 7:11-23, 1 Pet. 3:20

WONDERS BO IN DIE HEMEL EN TEKENS ONDER OP DIE AARDE

(Vervolg vanaf bladsy 3)

lugmag na die gebied stuur net voor SY engele die aarde verwoes, saam met die hele bevolking wat GOD teenstaan en SY regering haat, wat nie die eenwêreldregering, die VN, die Nuwe Wêreldorde is nie. Hierdie Nuwe Wêreldorde is Satan se regering. Dit is die dier wat deur die valse profeet in Rome regeer word en dit word gelei deur die gees van Satan.⁶ Die Vatikaan is Satan se setel (troon).⁷ GOD het nooit mense of enige ander wesens op enige ander planeet geskape nie. Mense is laf om so te dink!

Openbaring 15:5 tot 16:21 lui: “En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuie-nis in die hemel is geopen. En die sewe engele met die sewe [laaste] plaes het uit die tempel gekom, geklee in rein, blink linne en om die bors omgord met goue gordels [belde]. En een van die vier [Hemelse] lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van GOD, wat leef tot in alle ewigheid. En die tempel het vol rook geword uit die heerlijkheid van GOD en uit SY krag; en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe [laaste] plaes van die sewe engele voleindig was nie. En ek het ’n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van GOD op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit; en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad en sy beeld aanbid het.

“En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi en dit het bloed geword soos van ’n dooie en al die lewende wesens in die see het gesterwe. En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regver-

dig, HERE, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oor-deel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het ’n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, die HERE GOD, ALMAGTIGE, waaragtig en regverdig is U oordeel. En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi en dit kon die mense met vuur skroei. En die mense is geskroei met ’n groot hitte en hulle het die Naam van GOD, wat mag het oor hierdie plaes, belaster en hulle het hul nie bekeer om HOM heerlijkheid te gee nie. En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier [Rome se Vatikaan] en sy koninkryk is verduister en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die GOD van die hemel belaster oor hulle pyne en oor hulle swere en het hulle nie bekeer van hul werke nie [net soos vandag]. En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak [Satan] en uit die bek van die dier [die Antichris, die eenwêreldregering, die VN, die Nuwe Wêreldorde met Rome as hoofkantoor,

wat die Vatikaan is] en uit die mond van die valse profeet [die Vatikaan, die Rooms Katolieke-kultus] drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is die geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die ALMAGTIGE GOD.

“Kyk, EK kom soos ’n dief. Salig is hy wat waak en sy kleres [sy verlossing⁸] bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon. En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug en ’n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af gesê: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale en daar het ’n groot aardbewing gekom soos daar nog nie was vandat die mense op die aarde was nie – dus ’n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor GOD, om haar die beker met die wyn van die grimmigheid van SY toorn te

⁸ Mat. 8:10-12, 13:37-43, 47-50, 22:8-14, 24:42-51, 25:1-13, Luk. 9:23-26, 62, 12:35-48, 14:15-35, Rom. 8:35-39, 2 Kor. 5:1-4, Op. 3:1-3, 8-22

Togo

(Vertaal uit Frans)

Goeienaand, liewe Pastore, van die Tony Alamo Christelike Bediening

Ek het op 23 Februarie 2013 ’n pakkie ontvang. Hierdie pakkie het drie Franse Bybels, vyf *Messias*-boeke, twee T-hemde en duisende literatuurstukke bevat. Ons sal alles wat nodig is doen om hierdie materiaal so vinnig moontlik te kry waar dit moet wees.

My medewerkers in Togo vra dat ek hulle groete aan julle oordra en julle bedank vir julle welwillendheid in die redding van siele. Wees gesênd in die naam van ons Here Jesus. Amen!

Ons behoeftes hier in Togo is geweldig groot. Indien dit moontlik is, stuur asseblief voortdurend vir ons meer Evangeliemateriaal, soos Franse Bybels, baie literatuur in baie pakkies. Die literatuur versprei vinnig wanneer ons dit kry. Mense in Togo wil baie literatuur hê om oor die werke van die Evangelie van die Alamo-pastore te lees. Baie lesers gee hulle lewens aan Jesus as gevolg van hierdie klein boekie, *The Messiah*.

Hartlike groete

Atchou Kokou

Tony Alamo Bediening van Togo

⁶ Dan. 2:40, 7:19-25, 12:1, Op. 13:2-8, 14:8, 16:13-14, 19-20, 17:1-9, 18:2-24 ⁷ Op. 13:1-12, 17:1-9

gee. En alle eilande het gevlug en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het GOD belaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was” (Openbaring 16:14-21).

Die Christelike realm asook die wêreldbevolking oor die algemeen moet besonder bewus raak van die onsigbare realm, die realm van die engele. Daar is goeie engele en daar is bose engele. Die goeie engele is die engele van GOD en hulle word “Bewakers” genoem. Hulle hou elke beweging dop wat ek en jy maak en hulle hoor ook elke woord wat ek en jy sê.

In Genesis het die stamvader, Abraham, sy dienaar opdrag gegee om na Abraham se geboorteland, Mesopotamië, te gaan en 'n vrou vir sy seun Isak te soek. Hy het vir sy dienaar gesê: “Die HERE, die GOD van die Hemel wat my uit my vader se huis geneem en uit my geboorteland weggeneem

het; en wat met my gespreek en vir my gesweer het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee – HY sal SY engel [SY Bewaker] voor jou uitstuur” (Genesis 24:7). En HY het SY engel voor sy dienaar uitgestuur en die dienaar het die dogter van Betuel, Rebekka, wat tien jaar oud was volgens die *Boek van die Opregte*, hoofstuk 24, vers 40, gevind. Dit word ook bevestig in Genesis 25:20. Dit was Rebekka wat geboorte gegee het aan Israel by Isak. Sy het geboorte gegee aan Esau en Jakob. GOD het Jakob se naam na Israel verander toe hy met HOM geworstel het by Mahanaim (Genesis 32:24-28).

Dit was die engel van die HERE wat die volk Israel deur die Rooi See na droë grond gelei het en voor hierdie gebeurtenis, agter die volk Israel aangekom het en tussen die leer van die Egiptenare en die leer van die volk Israel gekom het (Eksodus 14:15-20).

Genesis 19:1 lui: “En die twee engele het in die aand in Sodom aangekom.”

In Genesis 19:12-13 sê twee manne (engele) vir Lot: “Wie [familie] het jy nog hier? 'n Skoonseun en jou seuns en jou dogters en almal wat jy in die stad het – bring hulle uit die plek uit; want ons [die engele] gaan hierdie plek verwoes, omdat die geroep oor hulle groot is voor die aangesig van die HERE en die HERE het ons gestuur om dit te verwoes.”

Daar was net twee engele wat Sodom en Gomoro en die stede rondom dit verwoes het (Genesis 19:12-29). En daar was net een engel wat Sanherib se hele weermag doodgemaak het. Nadat Sanherib teenoor Israel gespog het hoe magtig en sterk sy weermag is, luidens 2 Konings 19:35: “En in dieselfde nag het DIE ENGEL VAN DIE HERE [een engel] uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend [185 000] verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak – was dit almal lyke!”

Een engel het die hele Egiptiese weermag verwoes en een engel het Sanherib se hele weermag verwoes. Sewe engele sal die hele aarde verwoes. Hoeveel te meer moet mense nie die honderde waarnemings van VVV's vrees nie. Die vlieënde pierings wat deur die engele van GOD bestuur word, wat tans as waarskuwings-tekens sekere plekke op aarde soos New York; New Jersey; New Orleans, Louisiana; Joplin, Missouri; Haiti; Indonesië; en Japan verwoes? Hulle verwoes honderde ander plekke regoor die wêreld. Die HERE stuur engele om stede en mense regoor die wêreld te verwoes.

Mattheus 24:21-22 lui: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie was en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.”

Dit is nou die einde van die wêreld. Ander het al gesê dit is die einde van die wêreld en 'n datum gegee asof hulle die presiese tyd weet wat GOD gekies het. Ek doen dit nie, maar ek (Vervolg op bladsy 8)

Die getuienis van Lachlan Johnson

Ek is gebore en het grootgeword in Australië en my ouers was nie gelowig nie en beslis nie Christene nie. Ek het nooit enige leiding in die Christelike geloof gehad nie. Mag ek sê, ek was bevoorreg want ek was 'n vroeggebore baba en is bevoorreg om te lewe. Ek het 'n ligte geval van serebrale

verlamming en spierdistrofie gehad.

Wel, ek was redelik jonk en by 'n vriend se huis. Dit is redelik duidelik, maar ek sal slegs heeltemal onthou wanneer ek na my lang huis in die Hemel gaan ... My vriend het 'n Kinderbybel in tekenformaat gehad. Daarin was 'n klein seuntjie, soos ek, wat deur 'n kar raakgery is. Hy het op sy fiets



Broer Lachlan Johnson

gery en ek kan nie onthou of die Here hom sou gesond maak nie, maar die Here Jesus se silhoeët was in die boonste hoek. Soos ek sê, dit was duidelik en die Here het dit op my hart gedruk dat alles in die haak sal wees. As die seuntjie gesond sou word, is

dit goed, of as hy sou doodgaan, sal hy in die Hemel wees. Dit was 'n wen-wen-situasie. Op daardie stadium het die Here my verstand oopgemaak om te besef dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Dus, al het ek nie 'n wedergebore-ervaring gehad nie, het ek gedink en gesê ek is 'n Christen.

(Vervolg op bladsy 6)

Die getuienis van Lachlan Johnson

(Vervolg vanaf bladsy 5)

My ouers het besluit om na my pa se geboortestaat te trek. Kort daarna is my ouers geskei. My pa het besluit dat dit nie vir my goed is om by my ma te bly nie en hy sit my toe in 'n koshuis. Dit was vir my baie moeilik om van my ma af weggeneem te word en in 'n militaristiese soort skool groot te word. Die skool was 'n privaatskool vir die rykes. My ma het gedink dit sal goed wees vir my, dus het ek daar gebly.

Ek het vir almal vertel ek is 'n Christen en al het ek een of ander sondaar se gebed gesê, was daar niemand wat my gehelp het om gered te bly nie. Hulle het uit die King James-weergawe van die Bybel gelees en ons het Psalms gesing (daar is wysies bygesit). Maar ek het baie groter sondes gedoen as mense wat nooit eens verklaar het dat hulle Christene is nie. Daar was geen wedergeboorte gelei deur God se Heilige Gees nie. Dit was georganiseerde geloof. Enige student kon sê dat hy 'n Chris-

ten is – dit was net 'n gier in plaas van 'n lewensveranderende ervaring.

Ek gaan toe uit die skool uit. Party van my vriende het na een van die vinnigste groeiende kerke in Australië gegaan, maar dit was een van die grootstes want daar is nie gepreek dat jy God moet vrees en Sy geboorte moet gehoorsaam nie. Daar was "Christen"-korfbal, "Christen"-branderplankry en die jeuggroep. Ek het toe kerk toe gegaan, maar om baie verkeerde redes en die res van die week het ek gedoen wat ek wou. Hulle het nie gepreek oor die erns en hewigheid van sonde nie. Hulle het nooit beklemtoon dat jy 'n afgesonderde en heilige mens moet wees, afgesonderd van die wêreld nie. Die kerk se idee van getuig was om suksesvol te wees in jou loopbaan of werk en dan te getuig wanneer jy kan.

Ek het met die verkeerde groep deurmekaar geraak en mense in hierdie groep van die kerk het besluit daar is geen sin daarin om jou hele lewelank te werk nie; jy moet nou pret

hê. Toe het ek werkloosheid gaan eis. My ouers was verontwaardig. Nadat ek dit vir 'n kort tydjie gedoen het, het ek besluit om na die Verenigde State vir 'n verandering te gaan. Dit was Kersfeestyd, 1986. Ek het hierheen gevlieg en net rondgereis. Ek was so afvallig en het allerhande sonde gedoen, maar ek het nog steeds gesê ek is 'n Christen. Dit het vir 3 maande so aangegaan.

Ek was in Miami waar Pastoor Alamo 'n kerk het. Ek het teruggekom van die strand af met 'n bier in my hand en daar was twee broers van die bediening in die strate op soek na verlore siele. Hulle het na my toe gekom en gevra of ek 'n Christen is en ek het gesê ja. Hulle het gevra: "Onderhou jy al die geboorte?" Ek moes sê: "Nee." Hulle het vir my gesê die sonde op my siel gaan my na 'n brandende Hel neem. Ek onthou dit asof dit gister was. Hulle het vir my gevra of ek na 'n diens wou kom en ek het hulle na die diens gevolg.

Die diens is in 'n klein huisie gehou – glad nie luuks nie. Ek het my lewe opnuut aan die Here toegewy.

Zambië

Liewe Broers

Wees gegroet in die wonderlike naam van Jesus Christus, ons Messias wat binnekort kom. Dit gaan goed met my, my familie en die gemeente. Ek hoop biddend dat dit goed gaan met julle. Ek bid vir Pastoor Tony Alamo vir goeie gesondheid en God se beskerming. Ek het Vrydag die pakkie ontvang wat julle gestuur het. Dankie vir julle ondersteuning.

Christus is die hoofbron van die doktrinêre sowel as die praktiese Christendom. Die regte kennis van Christus is noodsaaklik vir die regte kennis van heiligmaking sowel as regverdiging.

Die naam van Jesus is die enigste naam waardeur ons toegang deur die hek van ewige glorie sal verkry. As ons by daardie hek kom in ons eie name, is ons verlore; ons sal nie toegelaat

word nie; ons sal tevergeefs klop. As ons in die naam van Jesus kom, is dit 'n paspoort en ons sal binnekom en lewe. Die merk van die bloed van Christus is die enigste merk wat ons van verwoesting kan red.

Ek het Sondag by Bible Way-bedieninge in die Chingala-distrik gepreek. Die boodskap was "Wees sterk en vol moed" uit Josua 1:1-9. Die gemeente was gretig om die preek te hoor. Nadie diens het ek Pastoor Alamo se Evangelieliteratuur aan vier kerke op drie plekke versprei. Die pastore was baie bly oor die Evangelieliteratuur wat die reddingsplan deur Jesus Christus bevat.

Intussen het Pastoor Lazarous Kululu in die plattelandse gebied by die plek genaamd Ngosaplaas, by nog 'n kerk van die Bible Way-bedieninge

gaan preek. Hy het ook julle Evangelieliteratuur daar versprei want die vraag daarvoor is hoog. As die Here die hulpbronne voorsien, stuur asseblief nog Evangelieliteratuur om die kerke langs die Solwezi-pad te help.

Ek waardeer altyd julle ondersteuning. Baie siele is al deur julle Evangelieliteratuur gewen.

Ter afsluiting, dra my innige groete oor aan die gemeente. Dit is my gebed dat ek binnekort van julle sal hoor.

Julle medewerker in Christus
Ison Poleni
Copperbelt, Zambië

Ns. Ek het die res van die Evangelieliteratuur vir Pastoor Moral Musonda gevat wat evangelisasiewerk in die Wusakile en Chamboli Townships doen. Dit wen meer siele vir Christus.

Ná die diens het ek so skoon gevoel. Een van die beste dinge van hierdie bediening is dat hulle vir my gesê het dat ek na die bediening kon trek en al my behoeftes sal vervul word. Die Here het geweet dat ek hierdie soort kerkomgewing nodig gehad het, want ek sou soos baie ander gewees het wat die sondaar se gebed sê en dan hul gang gaan en weer in sonde verval.

Dit was in April 1987 en ek is sedertdien nog steeds by die bediening. Binne die bediening het ek na baie dienste gegaan, regoor die land getuig en Pas-

toor Alamo se evangelieliteratuur versprei. Ek het baie verskillende werkvaardighede geleer. Pastoor Alamo was 'n goeie vriend en het my geestelik baie gehelp. Hierdie Christenbediening is 'n ware veilige hawe vir iemand se siel. Ek is so bly dat die Here vir my 'n plek voorsien het, want ek sou soos baie ander bedylende Christene gewees het wat dink hulle is op die regte pad Hemel toe, maar volgens die Skrif is hulle op die pad Hel toe. Ek loof en dank die Here en Pastoor Alamo en al die broers en susters in die liggaam van Christus wat my gehelp het.

Prys die Here
Lachlan Johnson



Pastoor K.S. Manohar (links bo en regs onder) versprei Pastoor Alamo se sielwennende literatuur in Visakhapatnam, Andhra Pradesh, Indië.



Kuba

(Vertaal uit Spaans)

Geliefde Broer Pastoor Alamo

Ek wens dat God die petisie van jou hart sal toestaan. Gelukkige Nuwe Jaar! Pastoor, ek is baie dankbaar, want ek het uiteindelik die CD's wat ek versoek het en die "Tony Alamo" T-hemde ontvang. Dit het my baie gelukkig gemaak. Pastoor, baie mense het jou nuusbriewe en die boek *The Messiah* ontvang. Dit het 'n impak gehad op baie mense en hulle het 'n duideliker en breër kennis van Jesus Christus. Jou nuusbriewe het baie mense beïnvloed en hul lewens gevul. Ons wil graag meer tyd hê om te evangeliseer en meer vryheid, maar ons sal doen wat God vir ons wys.

Ons sal aanhou om vir julle almal te bid, Pastoor. Gaan voort. God het ons lief. "Wees nugter en waaksaam; want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is" (1 Pet 5:8-9). Ek is baie lief vir julle almal!!

Seënwense!
Daiye Madeleidys

Havana, Kuba

Rusland

Hallo

Baie dankie vir die traktaatjies met 'n grondslag van julle geloof. Ek het dit alles met die Bybel vergelyk en dit is die waarheid! Nou is dit my geloof. Ongelukkig is dit in Rusland baie moeilik om enigiemand te vertrou. Ek het 'n deel van die traktaatjies versprei in die soeke na siele, maar ek het by slegte mense uitgekom en hulle het my geslaan daarvoor, omdat ek hierdie waarheid wou deel. Jammer dat ek vir 'n lang ruk nie op jou boodskap kon reageer nie. Ek is 'n arm mens en ek het nie internetverbinding nie. Nou is dit baie moeilik. Daar is nie werk nie en van tyd tot tyd is daar nie kos nie. Ek vra julle om vir my te bid. Ek sal probeer om binnekort vir julle te skryf. Ek wil nog leer oor die doop en verder kommunikeer.

Jou vriend van Rusland
Maksim R.

Kenia

Liewe Evangelis Tony Alamo

Ek dank God dat ek jou uitsendings gekry het. Ek het baie dinge uit jou program geleer. Jy praat oor ernstige dinge en hoe om te lewe en lief te hê en oor gesondheid en familie.

Die Here het jou gebruik om my en my familie en ook my ouers te red. Stuur asseblief vir my nuttige Christelike literatuur.

In Sy Heilige naam

Simon Ngugi

Nyahururu, Kenia

Die Filippyne

Dankie dat jy deel is van my reis. Jou program speel 'n groot rol om my geestelike behoeftes te vervul. Jou boodskappe van hoop het vir my troos en versekering gebring en my geïnspireer om aan te gaan ondanks alles. Daar kom tye wanneer ek wil opgee. Maar jou boodskappe flits altyd deur my gedagtes, dat al hierdie dinge sal verbygaan as ek op my Here vertrou.

Dankie en gaan voort om siele te red.

Die uwe

Jocelyn Ogayon

Quezon City, Die Filippyne

WONDERS BO IN DIE HEMEL EN TEKENS ONDER OP DIE AARDE

(Vervolg vanaf bladsy 5)

sê vir jou dit is die einde. Dink jy nie dit is hoog tyd dat jy jou sondes bely en wedergebore word in die GEES, sodat jy die ewigheid in die Koninkryk van die Hemel kan spandeer nie? As dit jou begeerte is, bid dan hierdie gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.⁹ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁰ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹¹ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,¹² en dat HY ophierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.¹³ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.¹⁴ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.¹⁵ U sal my

nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.¹⁶ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.¹⁷ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.¹⁸ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.¹⁹

Noudat jy gered is, dien GOD met jou hele hart, siel, verstand en krag (Markus 12:30).

Na redding, het JESUS gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁰ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.²¹

Die HERE wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Maleagi 3:8-12).

9 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 10 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 11 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 12 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 13 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 14 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 15 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 16 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 17 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 18 Heb. 11:6 19 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 20 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 21 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit

asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Maart 2013 Alle regte voorbehou Wêreld-pastoor Tony Alamo ® Geregistreer Maart 2013

AFRIKAANS— 17600 Wonders In Heaven Above and Signs In the Earth Beneath